

8 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 11:1-27

Fokusgedeelte: Johannes 11:23-27

Wie is jou enigste troos in lewe en sterwe?

Het dit jou opgeval hoe die Here Jesus vir Marta vertroos? Hy doen dit nie maar met mooi woorde soos ons dikwels doen nie: Toe maar, die tyd sal die wonde heel, ons voel saam met jou... As Marta sê: Ek weet my broer sal op die laaste dag opstaan, dan vertroos Jesus haar met ... Homself: "Ek is die opstanding en die lewe". Ons kry hier weer 'n 'Ek is-uitspraak' van Jesus. Soos ook: Ek is die brood wat lewe gee, die lig vir die wêreld, die goeie herder – een met die Vader. Só word Marta se aandag van Lasarus afgetrek en op Jesus se Godheid gevestig.

Sy moet leer dat Hy die dooies op die laaste dag sal opwek. As bewys daarvan gaan Hy haar broer, wat reeds vier dae dood is, nou laat opstaan. Jesus het lewe in Homself (Joh 5:26). Daarom kon Hy self ook uit die graf opstaan. Hy leef nou al meer as twee duisend jaar met sy verheerlikte liggaam.

Die Here Jesus is daarom ook óns enigste troos as ons rou of bang is vir die dood. As jy in Jesus glo en dus nou reeds die ware lewe het, sal jy na jou dood verder saam met Hom lewe – ja tot in ewigheid. As Jesus vra: "Glo jy dit?" dan bely Marta haar geloof: "Ja Here, ek glo vas dat U die Christus is, die Seun van God, die Een wat na die wêreld toe moes kom". Glo u ook so vas in Hom, sonder vrees vir die dood?

Sing: Psalm 16:4,5

Ds J Venter (Emeritus)